



GROEIGROEP MATERIAAL

Toekomsvenster 6

ToekomsVenster van Vergifnis



Opening

Die wêreld bied 'n groot uitdaging vandag aan al sy inwoners. Iemand het eendag 'n interessante vraag op die radio gevra: As jy God was, wat sou jou oplossing wees vir al die seer en gebrokenheid in die wêreld? Wat dink jy?

Inleiding

God het wel met 'n oplossing vir hierdie wêreld gekom. Johannes 3:16 vertel ons van hierdie oplossing? Hierdie tyd van die jaar herdenk ons hierdie plan (oplossing) en ons vier die geboorte van Jesus Seun van God. Wat beteken hierdie plan vir jou persoonlik?

INHOUD & GESPREK

Ons kyk vandag na die Toekomsvenster van vergifnis. Vergifnis het soveel verskillende kante wat dit moeilik maak om alles daarvan te verstaan. **Wat maak vergifnis vir ons so moeilik?** Aan die een kant is daar 'n God wat ons vergewe, aan die ander kant is hoe ons mekaar vergewe. Hieronder is 'n paar merkers vir julle, vertoef by elke merker in gesprek:

Oor God se vergifnis vir ons

- Verdien ons regtig God se vergifnis? (*Ons weet dan wat die regte ding is om te doen en steeds kies ons teen dit*)
- Dit is nie die eerste keer wat ek dit gedoen het nie. (*Ek maak dieselfde foute oor en oor*)
- Het God my regtig so lief? (*Het Hy my nie dalk al afgeskryf nie*)
- Wat sal jy vir iemand sê wat twyfel in God se vergifnis vir hom/haar?

Oor vergifnis vir mekaar?

- Iemand het jou al so seer gemaak en teleurgestel dat jy nie meer weet hoe om hulle te vergewe nie. Wat maak ons hiermee?
 - Die woorde wat ons soms dink oor ander mense se optrede: *“Jy het nog nooit vir my gesê jy is jammer nie...”* Wat maak ons hiermee?
 - Dit is vir my moeilik as mense sê ek moet aan beweeg maar ek is nie reg daarvoor nie. Wat maak ons daarmee?
-
-

KOM ONS LEES

Daar is ’n Bybelteks wat ons dalk kan help verstaan hoekom vergifnis vir ons so moeilik kan wees. Die gedeelte handel oor die mense wat Jesus wou kruisig. Hulle het Jesus voor Pilatus gebring en dié spesifieke aanklag teen Hom is baie interessant.

- Lees Johannes 19:4-11.

Let veral op vers 7a en deel met mekaar die ironie van dit wat die Jode hier as rede gee vir sy skuldigbevinding.

Hierdie gedeelte wys presies hoe ons soms mekaar oordeel: *“Ek het `n wet en volgens my wet is jy skuldig en moet jy gestraf word...”*

Toe Jesus met sy bediening begin het, het Hy ons kom leer om weg te kyk van ons eie selfsugtige- en self opgemaakte wette. Hy het ons kom leer om mekaar lief te hê soos wat Hy ons lief het.

- Wat maak ons hiermee?

Hieronder is ’n paar tekste waarmee julle hierdie gesprekke mee kan afsluit:

- Kolossense 3:13

- Efesiërs 4:32
- Johannes 13:34

Julle is ook welkom om na Sondag se teks oor die pottebakker in Jeremia 18:1-6 te kyk

Slot

Reflekteer en sluit af met gebed.